Eriocephalus ericoides

Volksnaam: Kapokbos, Gewone kapokbossie, Renosterveldkapok, Roosmaryn, Gladdekapokbos, Regtekapok.

Familie: Asteraceae

Habitat: Karoo en Renosterveld.



Kaart gebaseer op PRECIS data vanaf http://sibis.sanbi.org/

Plant beskrywing: Grys-groen bossie, 0.4-0.6m. Harige blaartjies baie klein en nou (5x1 mm). Blommetjies onopsigtelik en sonder kroonblare.

Smaaklikheid: ★★★ matig

Saad beskrywing: Die saad is omsluit in opvallende, wollerige, wit wolletjies. Die wolletjies is 5 – 10mm in deursnee en bevat dikwels ‘n hele paar saadjies.

Lewensvatbare saad per kg: 139,200



Skaal: 1cm

Hoe en wanneer om te plant: Saai in herfs, winter en lente in holtes of gesteurde (geploegde) grond, verkieslik met ‘n deklaag van klippies.

Plant in habitat

Wollerige “kapok” op ‘n saaddraende plant

Verwysings

Le Roux, P.M., Kotze, C.D., Nel, G.P. and Glen, H.F., 1994. Bossieveld. Department of Agriculture. Pretoria.

PRECIS data van suidelike Afrika se plant verspreidings en taksonomie http://sibis.sanbi.org/faces/SearchSpecies/

Renu-Karoo ongepubliseerde data